INFANTICARE

caring stimulation education

## 1. INLEIDING

Infanticare is ‘n babaskool vir kinders vanaf **3 maande tot 5 jaar**.
Die doelwitte van Infanticare is om eksklusiewe versorging en onderrig aan hierdie kinders te bied en nie bloot net dagsorgfasiliteite aan te bied nie.
Klem word veral op **stimulering** en **onderrig** van kinders geplaas, en om bogenoemde te bereik, bestuur professionele, opgeleide persone Infanticare.
Infanticare bied ‘n huislike, warm omgewing aan u kind waar sy/hy emosionele sekuriteit sal ervaar en ‘n gelukkige, gestimuleerde kind sal wees.

## 2. LIGGING

**Infanticare Moreleta** is geleë in Rubensteinweg 553, Moreletapark.
Tel: 012-997 2911
**Infanticare Menlopark** is geleë in Andersonstraat 352, Menlopark.
Tel: 012-460 7400

## 3. OPERASIONELE TYE

Maandag – Vrydag: 07h00 – 18h00
Desembermaand: Infanticare sluit teen die einde van die eerste week in Desember. Infanticare heropen weer op die Dinsdag van die tweede week in Januarie.
Infanticare is gesluit op openbare vakansiedae.

## 4. BUITE AKTIWITEITE

Buite aktiwiteite:
**Stimuzone** (rekenaarklasse) word deur buite fasiliteerders op die terrein by Infanticare aangebied. (Direkte betaling aan die fasiliteerder.)
**Wetenskapklassies** gekoppel aan ons weeklikse program ook aangebied deur eksterne Verskaffers
**A+ Wiskunde** (Semas) word deur buite fasiliteerders op die terrein by Infanticare aangebied. (Direkte betaling aan die fasiliteerder.)

## 5. MAALTYE:

Twee gebalanseerde maaltye (ontbyt en middagete) word verskaf
Verversings verskaf deur ouers vir twee geleenthede per dag.

## 6. ANDER PROFESSIONELE DIENSTE

Indien nodig sou blyk, sal bykomende professionele dienste (arbeidsterapeut, fisioterapeut, opvoedkundige sielkundige, spraakterapeut ens.) aan u kind gebied word in oorleg met die ouers.

## 7. VERSLAGGEWING VAN VERSORGING, ONDERRIG EN ONTWIKKELING

Daaglikse skriftelike verslaggewing van babas se versorging (tot en met 12 maande)
Twee jaarlikse verslag van peuters (18 maande – 5 jaar)

## 8. SIEKTES

‘n Afsonderlike siekekamer is ingerig indien u kind gedurende die dag sou siek raak.
U word onmiddelik in kennis gestel. Indien daar enige risiko van ‘n moontlike aanstekelijke siekte is word u kind onmiddelike oorgeplaas na die siekekamer met spesiale versorging.

© Infanticare Investments BK: 2008

Ons sou verkies dat siek babas verkieslik nie die skool sal bywoon vir die tydperk wat hulle nie gesond is nie ten einde moontlike oordrag van infeksies te beperk en verhoed.

Tarief vir siekekamer **R195,00** per dag of **R 28,00** per uur.

## 9. PERSONEEL

Die verhouding per baba in baba-afdeling is 4 babas per versorger.
By ons peuters is daar vir elke 5 peuters ‘n versorger.
Personeel in ons skole beskik oor relevante opleiding en ervaring. Spesifieke tersiêre opleiding in kleuteronderwys en in verwante beroepe soos opvoedkundige sielkunde, verpleegkunde en maatskaplike werk of soortgelyke opleiding word as geskikte opleiding vir onderwyspersoneel beskou.
Indiensopleiding vir versorgers vind deurlopend plaas met betrekking to versorging en stimulering van kinders. Hul staan onderwyseresse by in hierdie taak.
Bywoning van opleidingskursusse en seminare word van die personeel verwag.
‘n Administratiewe dame vir die vlot verloop van alle aspekte van ons skool, is essensieël.
Huishoudelike personeel vir instandhouding van perseel en skoonmaak/kombuisdienste is belangrik in ons skole.

Indien u enige navrae het, is u welkom om ons te skakel.

Infanti-groete!

Karien Camphor

| | |
|---|---|
| Moreleta Park | (012) 997 2911 |
| Menlo Park | (012) 460 7400 |

© Infanticare Investments BK: 2008